18 JanuarieHaggai 1:1-15, (Teks: 1:7-8 en 13-15)

God se werk dryf ons om dankbaar te wees

Min mense sal vandag nog iets doen sonder om 'n loon te verwag. So het die deel van Israel terug uit die ballingskap ook gedoen. Toe Haggai gespreek het, was hulle al agtien jaar terug in die land. Kort na hulle terugkoms het hulle begin om die tempel te herbou. Maar met die eerste teëstand van die nie-Jode se kant, hou hulle op met die werk. Sestien jaar lank lê die tempel nou al so in puin. Dan sê die Here: Hierdie volk sê dit is nie nou die tyd om die tempel te herbou nie. Hulle voer allerhande verskonings aan: Die druiwe moet eers geoes word; ons is maar min in die land en die nie-Jode is gekant teen die herbou van die tempel. Maar hierdie verskonings geld nie vir hulle huise nie. Eintlik wil hulle nie hulle dank aan God bewys nie.

Meer as twee honderd jaar gelede het die Here by monde van Jesaja verlossing uit die ballingskap beloof. Hier is hulle nou terug in die beloofde land. Daarom moet hulle aan God dank bewys en sy huis herbou sodat Hy sy eer kan ontvang. Vandag bou ons nie meer tempels vir die Here nie. Deur Christus se bloed en die werk van die Gees is ons nou die tempels van die Heilige Gees. Ons Here het niks teruggehou om ons uit die ballingskap van Satan te verlos nie. Jesus Christus het Homself heeltemal in ons plek oorgegee. Hierdie werk van God dryf ons om dankbaar te wees, nie net met ons mond nie, maar met ons hele mens-wees.

Sing: Psalm 40:3,4,5 Ds. C.C.A. Vrey (Venterstad)